Hoe om vlae aan te bied

Dit is belangrik dat Voortrekkers die geskiedenis van die landsvlag ken.

? Stappe

1. Jy benodig: kleurkryt en fotostate van die landsvlag wat nie ingekleur is nie.
2. Deel vir elke spanlid ’n landsvlag uit (bladsy 3).
3. Laat hulle die landsvlag inkleur.
4. Kyk hoeveel het die kleure reg ingekleur.
5. Vertel die geskiedenis van die nasionale vlag.



Die nasionale vlag van die "nuwe" Suid-Afrika (BO) is op 27 April 1994 vir die eerste keer gehys. Dit is deur die staatsheraldikus F. Brownell ontwerp—’n waardige maar kleurryke samevoeging van verskillende bane wat inderdaad reg laat geskied aan die "Reënboognasie", soos die Suid-Afrikaanse samelewing met sy groot verskeidenheid van bevolkingsgroepe al dikwels genoem is.

Om te keer dat daar verskillende weergawes van die vlag kan ontwikkel, word die proporsies van die bane en die kleure baie noukeurig in Bylae 1 van ons Grondwet beskryf.

Die reghoekige vlag is een en ’n half maal langer as wat dit breed is. Die kleure van die verskillende bane is van links na regs swart, goud, groen en wit, met rissierooi regs bo en blou regs onder.

Die groen baan – wat die vorm van 'n Y het wat na links op sy sy lê - is een vyfde van die wydte van die vlag. Die middellyne van die Y loop uit die boonste en onderste hoeke teenaan die vlagpaal en sluit in die middel van die vlag bymekaar aan. Hiervandaan loop die groen baan horisontaal na die middel van die wapperrand.

Die omgekantelde groen Y het bo en onder 'n wit soom, met 'n goue soom aan die binnekant van die mik van die Y wat na die vlagpaal toe wys. Elke soom is een vyftiende van die wydte van die vlag. Daar is 'n swart driehoek in die mik van die Y by die vlagpaal.

Die horisontale baan bo is rissierooi, terwyl die horisontale baan onder blou is. Hierdie bane is elk een derde van die wydte van die vlag.

Die vlag is deur Brownell ontwerp nadat geen bevredigende ontwerp ontvang is toe die publiek gevra is om voorstelle vir ’n nuwe vlag in te stuur nie.

Maar wat moet ons dan in die ontwerp en kleure van ons landsvlag lees? Is daar enige simboliek in die kleure en hoe hulle op die vlag gekombineer is? Blykbaar nie. Trouens, daar is ook al gevra dat ons dit nie moet probeer doen nie, suiwer omdat verskillende mense verskillende betekenisse aan verskillende kleure heg.

In die omgekantelde Y van die ontwerp sal mense egter wel ’n ooreenkoms wil vind met strome waarin die uiteenlopende elemente van die Suid-Afrikaanse bevolking tot een nasie saamvloei.

Die vlag as nasionale simbool moet te alle tye eerbiedig word, net soos ons veronderstel is om met ons landswapen en volkslied te doen.

http://www.mieliestronk.com/savlae.html

6. Sê of die volgende stellings waar of vals is:

6.1	Die wit van die vlag is ’n simbolies voorstelling van reinheid.	Vals
6.2	Die nasionale vlag is die eerste keer gehys op 27 April 1961.	Vals
6.3	C.J. Langehoven het die vlag ontwerp.	Vals
6.4	Die nasionale vlag bestaan uit ses kleure.	Waar
6.5	Die nasionale vlag moet ten alle tye eerbiedig word.	Waar

7. Maak twee fotostate van die twee bladsye met die vlae (bladsy 4 en 5).
8. Knip die vlae uit. Die vlae moet ewe groot wees.
9. Speel “snap” .
   Skommel die kaartjies. Deel die kaarte uit sodat albei ewe veel kaarte het. Laat twee-twee speel. Kaarte word omgekeerd gehou. Elke speler draai die kaart om en sit neer op die pakkie. As twee kaarte dieselfde is, skreeu hulle “snap” (of “Voortrekkers”).
10. Sing die Vlaglied.

VLAGLIED

Nooit hoef jul kinders wat trou is te vra
Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
Ons weet hy’s die seël van ons vryheid en reg
Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg
Die pand van ons erfenis, geslag tot geslag
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag

Ons nasie se grondbrief van eiendomsland
Uitgegee op gesag van die hoogste se hand
Oor ons hoof sal ons hys,
in ons hart sal ons dra
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.

☺ Wenke

1. Druk die vlae vir die “snap”-speletjie op karton uit.

☠ Waarskuwings

1. Moenie te lank praat nie. Vertel die geskiedenis van die landsvlag kortliks.

🕮 Bronne

1. http://www.mieliestronk.com/savlae.html


South Africa